BEWARINGSBOERDERY

Soja, vee op geenbewerkingskonferensie

KWAZULU-NATAL se pionier-geenbewerkingsvereniging hou vanaf 2 tot 4 September sy jaarlikse konferensie by Drakensville buite Bergville. *Landbouweekblad* is een van die media-borge.

Vanjaar se temas is sojaboonproduksie en die mikpunt van 6 ton per ha, onkruid- en siektebestryding, die herstel van grond wat verswak het en die integrasie van veeboerdery in 'n geenbewerking-stelsel. Van die sprekers is dr. Wayne Truter, weidingkundige van die Universiteit van Pretoria wat in die gebruik van aangeplante weidings vir grondherstel spesialiseer en onlangs deur die SA Nasionale Saadorganisasie (Sansor) vereer is, dr. Rikus Kloppers, gewaskundige van Pannar, dr. Antony Jarvie, bestuurder van Pannar se teeltprogramme vir droëbone en sojabone, en dr. Charlie Reinhardt, kenner van onkruidbestryding.

NAVRAE: Tel. 033 330 2062, sel 082 472 5987 of e-pos ntcsandra@gmail.com.